

Om vir die Heilige Gees te lieg.

Teks: Handeling 5: 1 -11 & Sondag 20
Teksvers: Handeling 5:3

1. Inleiding

Geliefdes ons fokus vandag val op die Heilige Gees. Die Heilige Gees wat die derde persoon van God drie-enig is. Om oor die Heilige Gees te handel is baie gewild vandag. Ons hoor juis baie hiervan in die oorgrote meerderheid christene in Suid-Afrika vandag. Daar is skrywers wat reken dat die gesig van Christenskap in Suid-Afrika vanaf gereformeerd na charismaties geskuif het. Charisma in die grieks natuurlik sterk verbind met die gawes van die Gees.

Tog kom die Griekse term Charisma nie in ons teksgedeelte voor vandag nie. Wat wel voorkom in vandag se teksgedeelte, is die woord lieg. En met eerste lees van vanoggend se tema, kom dit dalk as 'n skok. Dit is mos nie kanseltaal nie. Tog noodsaak dit wat hier gebeur so ernstig dat Petrus nie bloot kan sê jok of leuen nie.

Om werklik te verstaan wat hier gebeur word ons ook vandag stil woord voor vraag 53 van die Kategismus. Wat glo jy van die Heilige Gees? Dit is belangrik vir ons redding en hele Godsdienstbeoefening wat ons glo oor die Heilige Gees. Want daar is wonderlike troos in hierdie waarheid oor die Heilige Gees. Om dit beter te verstaan gaan ons vanoggend stilstaan by Ananias en Saffira en hulle omgang met die Heilige Gees. Hieruit gaan ons 'n belangrike les leer ook oor ons eie geloofsluwe. En ook oor ons daaglikse omgang met die Heilige Gees. Want die Heilige Gees was van die begin af gestuur as ons helper en nie ons vyand nie volgens Johannes 14. Maar om die volle omvang hiervan te besef moet ons eers besef wie en wat die Heilige Gees werklik is.

2. Die Heilige Gees as God

Ons staan stil by die eerste belangrike waarheid oor die Heilige Gees. Op 'n manier het ons al begin met hierdie waarheid. Die leer van God-drienenig staan tog sentraal in Christenskap. En dit is alreeds vas vanaf die sinode van Nicea in die jaar 325 N.c. Tog wanneer ons oor die Heilige Gees praat word hierdie leer van die drie-eenheid maklik vergeet. Ons aanvaar baie maklik dat God die

Vader God is. Verder aanvaar ons ook maklik dat Jesus Christus as die seun God is. Maar om die Heilige Gees as waaragtige God te erken is nie altyd so natuurlik vir ons nie. Ons bely dit maklik in die woorde van die Apostoliese Geloofsbelydenis elke sondag. Maar hoe prakties word dit uitgeleef in ons lewens elke dag.

Dit is presies hierdie probleem wat ons ook gewaar in die lewe van Ananias en Saffira. Hulle is deel van die gemeenskap van gelowiges. Hulle aanvaar natuurlik dat God die Vader die Skepper en onderhouer van alles is. Daar is selfs iets van die Ou Testamentiese naam vir die Here in Ananias. Want Ananias is die griekse vertaling van "Jahwe was genadig gewees". Verder glo hulle ook aan die evangelie van Petrus. Die evangelie wat Jesus Christus as enigste verlosser verkondig. Ananias en Saffira is immers ook bereid om 'n groot bydrae tot Petrus se bediening te maak.

Maar voor die Heilige Gees gaan hulle nie kniel nie. Annias is bereid om 'n gedeelte van sy besittings voor die voete van die apostels neer te lê. Hy wil gedeeltelik die Heilige Gees eer en dien. Maar nie ten volle nie. In plaas van om die Heilige Gees as waaragtige God te aanbid, lieg Ananias vir Hom soos ons teksvers duidelik maak. En dan val Ananias dood neer. Want hy wou nie die goddelike heiligheid van die Heilige Gees erken nie. Soos Ussa dood neerval by die daad van Heiligskennis toe hy die ark wou keer in 2 Samuel 6. Net so val Ananias ook hier dood neer by die skending van Heiligskennis.

Dit wat Annias en Saffira doen is Godslastering en daarom gebruik Petrus die sterk term lieg in ons teksvers.

3. Die Heilige Gees woon in gelowiges

Die tweede probleem wat Ananias en Saffira met die Heilige Gees het is ook vir ons vandag nie vreemd nie. Dit gaan oor publieke geloof. Oor die uitleef van 'n mens se geloof in die openbaar en veral tussen die gemeenskap van gelowiges. En hier is Ananias en Saffira voortreflik, hulle is model lidmate. Hulle is immers juis besig om hier te doen wat geloof

word in ander lidmate. Ons sien in die laaste twee verse van hoofstuk 4 van handeling dat gemeentelede al hulle grond verkoop en die geld aan die kerk skenk. Ananias en Saffira sien ook hierdie gebruik. Maar hulle sien dit as hulle kaartjie tot die groep supergelowiges in die gemeente.

En dit is net hier waar hulle die fout maak. Want sien vir hulle was die geloof iets wat by die kerk tussen ander gelowiges beoefen word. En vir hulle was die geloof ook iets wat veilig daar by die kerk gelos moet word. My geloofsoortuiging moet nie kom inmeng met my alledaagse lewe nie. Maar dit is verkeerd. Die is deel van die oer oue sonde om eerder op die Satan te vertrou vir oorlewing as op die Here.

Dit is ook as gevolg van hierdie boosheid wat die Here deur die Heilige Gees in ons kom woon. Soos 1 Korinthiërs 6 vers 19 dit duidelik stel is ons liggame die tempel van die Heilige Gees. God die Heilige Gees woon in ons liggame. Daarom los ons nie die Here agter wanneer ons weggaan uit die gemeenskap van die gelowiges nie. Ananias en Saffira het gedink dat die gebied by hulle huis waar hulle hierdie bese leuen bedink het weg van die aangesig van die Here is. Daarom moet Petrus vir Ananias vermaan met die skerp woorde: "Jy het nie vir mense gelieg nie maar vir God." Want God die Heilige Gees was alreeds ten volle teenwoordig selfs toe hierdie gedagte net by Ananias en Saffira opgekom het.

4. Die Heilige Gees getuig van die waarheid

Laastens kyk ons na die feit dat die Heilige Gees nie maar bloot oral teenwoordig is nie. Die Heilige Gees is ook voortdurend besig om te werk. Die Heilige Gees is voortdurend besig om te werk aan ons heiligmaking. Daarom het die werk van die Heilige Gees ook baie te doen met morele besluitneming. Met die besluit oor wat reg en verkeerd is in my lewe. En omdat ek as mens boos is, het ek die verlossing van Christus ook nodig in my morele denke. Dit is veral dit wat die Heilige Gees kom werk binne my.

Want die Heilige Gees is volledig God soos ons reeds gesê het. Daarom kan die Heilige Gees nie 'n leuen vertel of my op 'n dwaalspoor lei nie. Johannes 16:13 leer vir ons hierdie eienskap van die Gees in die volgende woorde: "13Wanneer Hy kom, die

Gees van die waarheid, sal Hy julle in die hele waarheid lei." Die Heilige Gees het ook vir Ananias en Saffira in die waarheid gelei. Maar hulle het eerder gekies om hulle harte te verhard en die Heilige Gees uit te tart soos ons in vers 9 sien.

Tog is hierdie harde waarheid van die regverdige oordeel nie al waarvan die Heilige Gees getuig nie. Die Heilige Gees getuig ook oor die waarheid van ons verlossing. Die Heilige Gees werk die geloof in ons deur ons te lei na Golgota. Daar waar ons Here Jesus Christus vir ons sonde gesterf het. Daar waar Hy die regverdige oordeel oor ons sondes gedra het. En dit is hierdie waarheid wat ware troos vir ons bring. Daarom is daar groot troos daarin wanneer die Heilige Gees ons almal voortdurend in hierdie waarheid deur die skrif lei. En daarom moet ons ook juis hierin nie die Heilige Gees teenstaan of uittart nie. Wanneer die Heilige Gees ons na die Woord van die Here lei in stiltetyd, Bybelstudie en eredienste moet ons met oorgawe volg.

5. Slot

Ons kan afsluit deur nederig te erken dat ons maar net aan 'n paar eienskappe van die Heilige Gees geraak het. Omdat die Heilige Gees ten volle God is, sal ons nooit Hom volledig kan besyfer of bevat nie. Maar wat tog vir ons duidelik is uit hierdie geskiedenis van Ananias en Saffira is dat ons nie die werking van die Heilige Gees moet teenstaan nie. Maar die werking van die Heilige Gees is ook nie iets vaag, onseker of misties nie. Die Heilige Gees is die getuie van waarheid en is daarom self net so seker en vas soos dit waarheid self is. En daarom is lieg vir die Heilige Gees nie sommer iets wat ongesiens gebeur nie. Hierdie Godslanderlike daad is altyd iets wat ek doelbewus kies om te doen.

Maar ons het die versekering dat ons deur groei in die kennis van die Woord van God ook sal groei in ons kennis oor die werking van die Heilige Gees. Ons kan daarom ook hiervandaan weggaan en ons lewens gaan ondersoek. Ons kan gaan kyk of ons werklik die Heilige Gees as God en Here aanbid en dien. Ook daar waar ek elke dag leef. Met die nabyheid van die Heilige Gees besef ek ook dat my lewe voortdurend in die Heiligheid van God se teenwoordigheid geleef word. Hoe lyk my lewe voor die aangesig van die Here. Bring dit skande of eer aan God.

Laastens het ons die troos dat die Heilige Gees ons voortdurend in die waarheid lei.

Eerstens die reddende vertroostende
waarheid van ons verlossing in die sterwe en
opstanding van ons Here Jesus Christus.
Maar tweedens ook in die waarheid van
daaglikse optrede wat God alleen eer en
verheerlik. Daarom moet ons ook voortdurend
ons geloofsore fyn instel om dit stem van die
Heilige Gees te hoor. Ons kan dit doen deur
voortdurende gebed en bestudering van God
se Woord

Amen